



Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za
Every child Every chance Every day | Elke kind Elke kans Elke dag | Wonke umntwana Lonke ixesha Yonke imihla

16 Augustus 2021

Geagte Ouers

Daar is tans voorraad beskikbaar vir 2022 en ouers het reeds begin om items soos skooltasse, sportsakke en ander kledingstukke aan te koop. Ons moedig u aan om, sover moontlik, vroegtydig u aankope te doen, om sodoende die stormloop aan die begin van die jaar te vermy.

U kan ons aanlynskoolwinkel besigtig via <https://www.kenridgeprimary.co.za/> → klik op aanlynskoolwinkel of klik op die onderstaande skakel en plaas u bestelling of maak 'n afspraak om die winkel te besoek.
<https://tinyurl.com/Online-School-Shop>

Nuttige wenke:

- Klik op enige kledingstuk → klik op groottekaart (gaan na die laaste bladsy van die matetabel vir groottevoorstelle vir Graad 1 – aankope.)
- Om die beste grootte te kies, beveel ons aan dat u die mates met die werklike mates van u kind vergelyk. U kan ook die grootte wat u kind tans dra as 'n riglyn vir u aankope gebruik.

Afsprake:

- Gedurende die skooldag kan u maklik my werklike beskikbare tye sien en 'n tydsgleuf met my bespreek op https://calendly.com/kps_schoolshop
- Afsprake is beskikbaar vir werkende ouers op Woensdagaande vanaf 17:30 en die 1ste Saterdag van elke maand om 8:00 – 9:00.
- Die skoolwinkel sal oop wees, per afspraak, op Oriëntasiedag, Saterdag, 30 Oktober 2021.
- Deur 'n tydgleuf te bespreek, kan ons verseker dat ons aan sosiale distansiëringsprotokolle voldoen.
- Indien u u afspraak wil kanselleer of herskeduleer, klik dan op u bevestigings e-pos. Dit stel ons in staat om ander ouers die geleentheid te bied om gekanselleerde tydgleuwe te gebruik. Gemiste tydgleuwe sal herskeduleer moet word.

Dit is moontlik om aankope of goedere terug te gee of om dit om te ruil, mits dit binne 30 dae vanaf die aankoop daarvan plaasvind en op voorwaarde dat:


- Die oorspronklike faktuur as bewys van aankoop beskikbaar is.
- Die item(s) in die oorspronklike toestand is.
- Die item(s) in die oorspronklike verpakking is.

Verseker asseblief dat al u aankope korrek op u faktuur uiteengesit is. Die teruggee van items sal slegs aanvaar word soos dit in u kwitansie / faktuur uiteengesit is. U mag dieselfde afspraakprosedure volg om items terug te gee of om hulle om te ruil.

Wees asseblief bewus van die volgende wanneer u die skoolwinkel besoek:

- Leerders mag nie klere aanpas nie.
- Besoeke aan die skoolwinkel is alleenlik per afspraak – slegs een ouer en kind word op 'n slag in die winkel toegelaat.
- Wanneer u die winkel besoek moet u u hande reinig, 'n masker dra, die Covid-19 siftingsvraelys voltooi en u temperatuur laat neem.

Vriendelike groete



Catheryn Duggan
Skoolwinkel

